## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.
QR kode op binneblad.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Lorriane | Burger | 04/27 |
| Loret | Kruger | 04/28 |
| Wynand | Rohlandt | 04/28 |
| Babsie | Kirsten | 04/29 |
| Cecil | le Roux | 04/29 |
| Mia | vd Westhuizen | 04/29 |
| Grace | Rossouw | 05/01 |
| Karien | de Wit | 05/02 |

**WOL** Madie Haynes vra oorskietwol vir 'n tannie in Noord wat musse en slaapkouse brei vir die kindertjies daar. Gee dit asseblief by die Kerkkantoor af (08:00 tot 12h00 van Dinsdag tot Donderdag). Dit kan ook Sondae kerk toe gebring word, waar Madie dit sal ontvang. Madie se kontaknommer: 0822932336.

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

26 April 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
**Roepingsondag**
09h30 Struisbaai Nagmaal
Spesiale kollekte:
Gemeente Noodfonds
**Maandag**
Vryheidsdag
**Dinsdag**
10h00 Angs-en Depressiegroep
14h00 Klerebank
**Woensdag**
17h30 Gebedsgeleentheid
**Vrydag**
Werkersdag

**Sondag 03 Mei**
10h00 L'Agulhas
Sinodale kollekte:
Arbeidsbediening

## KERSMOMENT

Diens van Barmhartigheid se doel is om behoeftige persone by te staan, Elke seisoen vind daar klerewisseling plaas en dan voorsien ons All Pay, Straatwerk en vissrmanne van lekker warm klere soos baadjies om op bote te dra of die rots- en strandhengelpersone, Ons glo aan uitreik en voorsien. Die klerebank verkoop 2 keer per maand klere en inkomstes word gebruik vir die aankoop van kos. Ella Johnson hanteer die verspreiding van klere vir ons. Ons kry elke seisoen warm dankies van hulle.

*Die Kerkkantoor is 28 tot 30 April 2026 gesluit. Dringende navrae: kontak Erna @ 0846116077.*

**ROBERTSON-UITSTAPPIE—**Suidpuntkoor se optrede by Huis le Roux en JE Park in Robertson was een groot lekkerte. Dankie vir al die reëlings, Teresa le Roux. Dankie vir Christa-Marié Williams, ons koorleier, en Karin Michau, ons pianis, vir al julle geduld en tyd. Julle duet was voortreflik! Anton Schutze en ds.Kobus Pretorius, julle ure se vooraf oefening was die moeite werd! Dankie vir die BOERE-ORKES. Ag, en wat sou ons sonder die koorlede kon doen? Dankie vir elkeen van julle se gereelde oefen en optrede. Die paar gaste wat saamgegaan het, het dit ook glo geniet (gades en Jeanne Harmse). Jeanne het lekker saamgesing! Op 1 Mei tree ons in Napier op. Kom sing saam! Ons oefen Donderdae van 15h30 tot 18h00 in Struisbaaikerk.

**Teksvers:** Rom 14 vers 13 - Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie. Neem julle liewer voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie.

## Ons bid vir...

1. Mense in ons gemeente wat in nood verkeer.
2. Goeie gesondheid.
3. Seën op L'Agulhas se boomprojek.
4. Veiligheid op ons paaie.
5. Die vooruitgang van ons land, asook die uitdagings wat nog oorbrug moet word rakende gelykheid en vryheid.
6. Die hantering van sosio-ekonomiese uitdagings.
7. Dolph en Alta van der Merwe vir spoedige herstel

### DOOP

Baie geluk aan Mynhardt en Azél Traut wie se seun Friederich vanoggend gedoop word.

### BLOMME

Baie dankie Sonja Swart vir vanoggend se blomme vir die Nagmaal,

## Vir ons kinders

### DOOP & EMOJI'S

'n Emoji is 'n beeld, prentjie, simbool op jou selfoon wat jy kan gebruik om te sê hoe jy voel. Watter emoji deel jy die graagste? Een wat baie gewild is, is die twee hande wat 'n hartjie vorm. Dit is 'n simbool van liefde of liefhê. Die doop is ook 'n simbool. Dit is 'n simbool daarvan dat ons God se kinders is en dat ons deel is van God se familie. As God se familie moet ons gereeld hoor of dit nog goed gaan met mekaar. Ons moet wys dat ons vir mekaar omgee deur in mekaar se doen-en-late belang te stel. As ons gereeld met mekaar gesels en mekaar opbou, goed laat voel, help om te verbeter, dra dit baie daartoe by dat ons 'n gelukkige familie kan wees. Ons versterk dan ons familiebande. Onthou dus, jy is deel van God se familie. Die Here seën jou en beskerm jou. Sy Gees is by jou en Hy herinner jou dat jy sy geliefde kind is.

## Doen & Deel

### DANKIE VIR:

1. Soveel begeesterde lidmate in ons gemeente.
2. Opofferings wat gemaak word om u liefde ook buite ons dorp te versprei.
3. Soveel geleenthede wat op ons pad kom.
4. Klein Friederich wat vanoggend gedoop word.
5. Karin Michau en Madie Haynes wat regstaan vir vanjaar se tweede tee vir nuwe intrekkers.
6. Nuwe lidmate wat by ons gemeente aktiwiteite inskakel.

### KYK WAT GEBEUR IN L'AGULHAS!

Ons plant bome! Op 19 April is die eerste boom geplant. Searsia laevigata, oftewel Duinekorent/Duinetaaibos. Die boom word 3 tot 5 meter hoog en is inheems. Dit is ds. Peet Crous se inisiatief en met Suzette Fraser as spreekbuis by die Kerkraad is goedkeuring gegee vir die plant van bome op L'Agulhas se Kerkterrein. In 'n area met 2000 inheemse plantspesies dra ons so by tot bewaring: "God het geskep" alias ds. Peet Crous. Dié projek is skaars goedgekeur, toe gebeur dinge!

Dit wil gedoen wees!

### VRYHEID

Op 27 April herdenk ons Vryheidsdag. In 1994, op 27 April, het Suid-Afrikaners van alle rasse vir die eerste keer saam na die stembus gegaan. Die vryheid van onderdrukking en die stigting van 'n demokratiese regering word gevier. Hoor wat sê Lied 282 van ons Liedboek oor vryheid en ons land.

Vers 5:

Gee, Here, vryheid in ons land
om U te loof en prys;
die ware vryheid van u Woord
aan elke mens te wys.

Verder in verse 4 & 6:

Behou dan almal wat hier woon
in liefde tot mekaar,
en laat geregtigheid dié band
van eenheid steeds bewaar.
O Heer van nasies, aan u sorg
wil ons ons toevertrou;
ons wil die toekoms op u Woord
en u beloftes bou.